Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## OPENBARE FINANSIES N5

**14 Junie 2021**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 Die regering gryp nie in by die private ekonomie / sosiale aktiwiteite van individuele burgers of groepe nie.

1.1.2 'n Parlementswet reguleer die verkryging van goedere of dienste deur middel van 'n tenderraad.

1.1.3 Dit is waar die verkose verteenwoordiger namens die kieser besluite neem (met 'n mandaat van die kieser).

1.1.4 Dit is die onttrekking van misdadigers uit die samelewing vir beskerming en rehabilitasie.

1.1.5 Die uiteindelike gesag om fondse toe te ken (te versprei of uit te gee) moet by die wetgewer berus en nie by openbare amptenare wat moontlik lede van die administratiewe of uitvoerende gesag is nie.

1.1.6 Elke regering op alle vlakke (sentraal en plaaslik) het 'n departement van finansies wat fondse voorsien aan beamptes soos rekenmeesters wat finansiële dienste aan die lynfunksiedepartemente lewer.

1.1.7 Dit bestaan uit die verkose verteenwoordigers van die volk.

1.1.8 Dit is gerig op die ontwikkeling van die ekonomiese en materiële welvaart van die individu.

1.1.9 Die mag om te regeer is in die mense se eie hande en word nie deur hul verteenwoordigers uitgeoefen nie.

1.1.10 Moet die gewone burger beskerm om seker te maak dat die wetgewende en uitvoerende owerhede nie onregverdige mag oor die kieser uitoefen nie.

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | Waar |
| | 1.2.2 | Onwaar |
| | 1.2.3 | Waar |
| | 1.2.4 | Waar |
| | 1.2.5 | Waar |
| | 1.2.6 | Waar |
| | 1.2.7 | Waar |
| | 1.2.8 | Waar |
| | 1.2.9 | Waar |
| | 1.2.10 | Waar |
| | 1.2.11 | Waar |
| | 1.2.12 | Onwaar |
| | 1.2.13 | Waar |
| | 1.2.14 | Waar |
| | 1.2.15 | Onwaar |

(15 × 2) (30)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1
- Kommunikeer met die wetgewer en berei verslae voor oor aangeleenthede wat aan die wetgewer voorgelê moet word vir besluitneming.
- Kommunikeer met die administratiewe owerheid wat finansiële wetgewing en die goedgekeurde begroting moet uitvoer om die dienste te lewer waardeur die doelwitte van die wetgewer bereik kan word.
- Kommunikeer met belangegroepe om die behoeftes, wense, verwagtinge en probleme van die gemeenskap vas te stel en haalbare beleide in hierdie verband te formuleer vir goedkeuring deur die wetgewer.
- Oefen beheer uit oor die aktiwiteite van die administratiewe owerheid.

(4 × 2) (8)

2.2
- Inkomste word gedeel tussen die verskillende regeringsvlakke in een staat, d.w.s. sentraal, provinsiaal en streek/plaaslik.
- Belasting kan op een vlak gehef en op 'n ander vlak bestee word.
- Dit word gedoem om eksternaliteite en ongelykhede te verminder.
- Finansiële toelaes wat die sentrale regering aan streeks- en plaaslike regerings toeken, is 'n poging om vertikale ongelykhede te verminder.
- Goeie interregeringsverhoudinge is hier noodsaaklik. (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.3
- Geen belasting of ander heffings kan van belastingbetalers ingevorder word sonder hul toestemming nie en die belastinglas moet op 'n redelike en billike manier versprei word.
- Die benutting van openbare finansiële hulpbronne moet optimaal voorsien in die kollektiewe behoeftes. Optimale aanwending van hulpbronne beteken geld word effektiewer bestee as dit aan een projek bestee word as wanneer dit aan 'n ander projek bestee sou word.
- Deelnemende demokrasie beteken belastingbetalers en verbruikers (gebruikers) van die openbare sektor kan direk deelneem aan die finansiële besluitnemingsproses.
- Openbare finansiële besluitneming moet billik wees. Finansiële hulpbronne moet effektief en doeltreffend aangewend word om in die kollektiewe behoeftes van die publiek te voorsien. Dit beteken mense verwag 'n redelike toewysing van hulpbronne.
- Slegs die kollektiewe liggaam van verkose politieke verteenwoordigers het die mag om belasting in te stel, om belasting in te vorder en om te besluit hoe en waaraan dit bestee sal word.
- Die verkose politieke verteenwoordigers is aan die belastingbetalers verantwoordelik en aanspreeklik vir die invordering en besteding van belasting en ander inkomste.
- Politieke verteenwoordigers moet sensitief wees en reageer op die kollektiewe behoeftes van die gemeenskap. Kiesers moet voel verteenwoordigers luister na hul behoeftes en aanvaar die verantwoordelikheid om in daardie behoeftes te voorsien.
- Die uitvoering van begrotingsprogramme moet in die behoeftes van die publiek voorsien, en die uitvoerende gesag moet die verantwoordelikheid aanvaar om openbare fondse doeltreffend en effektief te gebruik.
- Maatskaplike billikheid of geregtigheid vereis dat politieke verteenwoordigers en openbare amptenare met integriteit moet optree deur hoë morele en etiese standaarde te handhaaf.
- Alle aktiwiteite rakende openbare finansiële bestuur moet in die openbaar plaasvind en nie onder die dekmantel van vertroulikheid nie. Amptenare moet ten alle koste aan die belastingbetalers verantwoordbaar bly.

(10 × 2) (20)

2.4
- Vergewis hulle van alle finansiële en fiskale (belasting) inligting op sentrale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak.
- Gee advies en doen aanbevelings oor die volgende aan relevante wetgewende owerhede:
  - Finansiële en fiskale beleid
  - Belasting en heffings wat provinsiale regerings beplan om te hef
  - Die verkryging van lenings deur die provinsiale of plaaslike regering
  - Die opstel van kriteria vir die toekenning van finansiële/fiskale bronne

(5 × 2) (10)

2.5
- Ideale kriteria
- Gemiddelde kriteria (2)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 3**

3.1
- Toedeelbaar✓✓– Daar is 'n prys per eenheid soos vir vullisverwydering, en verkoop van plante in die munisipale kwekery.✓✓
- Eksklusief✓✓ – Nie-betalers kan nie van hierdie dienste gebruik maak nie (vullis word bv. slegs verwyder as iemand daarvoor betaal).✓✓
- Uitputbaar✓✓ – moet voortdurend aangevul (volgemaak, opgevul) word.✓✓
- Direkte opgawe✓✓ – Die belastingbetaler ontvang waarde vir elke betaalde eenheid.✓✓
- Geen monopolie nie – party van hierdie dienste is op die ope mark..✓✓

(5 × 4) (20)

3.2
- Neem leiding in die opstel van die begroting.
- Lê die konsepbegroting aan die raad voor vir oorweging.
- Lewer die begrotingstoespraak en verduidelik die belangrike aspekte van die begroting self.
- Doen aanbevelings oor die belastingkoers, verbruikerstariewe, gebruikersheffings en heffings.
- Is verantwoordelik vir die toesig en beheer oor die uitvoering van die begroting sodra dit goedgekeur is.
- Doen verslag aan die raad oor enige afwyking van uitgawes en doen aanbevelings oor sulke afwykings.
- Neem leiding in die invordering, bewaring en besteding van alle inkomste.
- Verseker dat surplusfondse oordeelkundig belê word en neem deel aan onderhandelinge vir groot kontrakte.
- Rapporteer alle finansiële ongerymdhede deur enige amptenaar, raadslid of komitee. (9 × 2) (18)

3.3
- Per capita-inkomste van 'n gemeenskap
- Die inkomstepotensiaal van 'n ideale belastingstelsel
- Verteenwoordigende inkomstestelsel (3 × 2) (6)

3.4
- Die wetgewer
- Die uitvoerende gesag
- Die administratiewe owerheid (3 × 2) (6)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1

- Uitgereik deur hoër owerhede om die effek van finansiële ongelykhede tussen gemeenskappe wat baie verskil in finansiële welvaart en kapasiteit te verminder.
- Die hoofdoel van toelaes is om te verseker dat elke regeringsowerheid oor voldoende finansiële middele beskik om 'n minimum vlak van openbare dienste te lewer sonder om 'n verdere belastinglas op daardie spesifieke gemeenskap te plaas.
- Die doel is nie om absolute gelykheid te skep nie, maar om elke regeringsowerheid aan te moedig om minimum basiese dienste te lewer in vergelyking met dié van ander owerhede op dieselfde vlak. (3 × 2) (6)

4.1.2

- Onvoorwaardelike toelaes✓
- Dit beteken dat fondse toegeken word sonder enige voorwaarde daaraan verbonde.✓✓
- Die hoër owerheid sal geld bewillig en nie verwag dat die laer owerheid moet verduidelik hoe fondse bestee word nie.✓✓

- Voorwaardelike toelaes✓
- Dit word gegee met 'n spesifieke voorwaarde vir die besteding van die geld.✓✓
- Die voorwaardes kan in die vorm van breë riglyne of spesifieke voorskrifte wees.✓✓
- Daar is twee soorte voorwaardelike toelaes:
- Wisselende (veranderlike) of onbeperkte voorwaardelike toelaes✓
- Vaste of beperkte voorwaardelike toelaes.✓

- Projektoelaes✓
- Dit word gemaak vir die finansiering van spesifieke kapitaalprojekte soos behuising, die bou van damme en paaie, watervoorsiening, ens.✓✓
- Dit word op 'n ad hoc-basis gegee en slegs een keer.✓✓

(Enige 16 × 1) (16)

4.2

- Denasionalisering
- Deregulering
- Depolitisering
- Uitkontraktering

(Enige 3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.3

- Koördinering van die finansiële beleid ✓
Dit moet 'n balans van uitgawes verseker. Daar moenie te veel aan een program bestee word en te min aan 'n ander ewe belangrike program nie.✓✓

- Vooraf verlening van toestemming✓
As 'n departement beplan om 'n program te verander, moet die tesourie in kennis gestel word sodat dit die finansiële implikasies kan bestudeer. Dit moet in 'n vroeë stadium van beplanning geraadpleeg word, sodat dit die finansiële implikasies ten opsigte van ander departemente se voorgestelde programme kan bestudeer en dan die uitvoerende gesag daaroor kan adviseer.✓

- Evaluering van nuwe beleide en wetgewing ✓
Dit moet die wetgewer adviseer oor die finansiële implikasies van nuwe beleide en wette. Die minister van finansies is verplig om seker te maak dat die tesourie genoeg geleentheid kry om die finansiële implikasies van nuwe wetgewing en beleide te bestudeer en dan die uitvoerende gesag in kennis te stel van sy bevindinge.✓✓

- Hersiening van die begroting ✓
Die tesourie moet bepaal of alle staatsdepartemente hulle begrotingsvoorstelle behoorlik gemotiveer het, en ook kyk of die voorgestelde uitgawes in ooreenstemming is met die regering se bestaande finansiële beleid.✓✓

- Bewaker van openbare geld ✓
Die tesourie tree as waghond op. Dit beheer die onttrekking van fondse deur alle staatsdepartemente, beskerm die belastingbetalers se belange deur die vermorsing van geld te voorkom en te verseker dat maandelikse rekwisisies deur rekeningkundige beamptes reg is.✓✓

- Beheer van aankope en die aankoopprosedures✓
Die tesourie beheer alle aankope van voorraad, toerusting, ens. deur middel van 'n staatstenderraad, insluitend die huur van eiendom vir okkupasie deur amptenare en personeellede.✓✓

- Beheer van voorraad en store ✓
Die beheer van voorraad in pakhuise en store is noodsaaklik omdat groot bedrae geld belê word in groot hoeveelhede voorraad.✓✓

- Dispensasiefunksie✓
Die wetgewer gee aan die tesourie bevoegdheid om te dispensasie te verleen.✓✓ (Enige 6 × 3) (18)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.4
- Handhawing van wet en orde (beskermingsdienste)
- Afdwing van kontrakte volgens wet in howe (regsbeskerming)
- Beskerming van privaat lewens
- Beskerming van privaat eiendom (wetlike/maatskaplike beskerming)
- Verdediging van die nasionale gemeenskap teen enige vyand (beskermingsdienste) (Enige 4 × 1) (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou